COMMUNITY NEWSPAPER

Gans Berg Nuus/News

PRICE R12.00

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

4 April 2025


245th Edition

# Gansbaai is still in shock



*Ricardo Tobias (30)*







*Jaiden Dickson (24)*

Last week the community was shocked when they heard about the brutal murder of Ricardo Tobias (30) on 24 March 2025 at the corner of Angelier- and Bloulelie Streets, Blompark. On arrival, SAPS members found the deceased lying in the open field on his back with a disfigured face. A concrete slab was used to assault the victim. There were also four stab wounds on the left side of his upper back, and two on the right side - there were no signs of life. Ricardo was certified dead on arrival by the local ambulance services.

The community is shocked and wants answers and justice. About 150 community members participated in a peacefull march on Saturday, 29 March 2025. During a conversation with Lt.Col Janse van Rensburg, Station Commander, he told the Gans-Berg News in a personal discussion that arrests have been made. No names can be made available while the case is still under investigation. It has been confirmed that two suspects were arrested, the one is 18 years of age and the other is 19 years old and they are residents of Blompark. The two suspects appeared in the Hermanus Magistrates Court on Monday, 31 March 2025 and will remain in custody. The case has been postponed for further police investigations - their next appearance in court will be on 9 April 2025.



*Elandré Hans (26)*



The Gans-Berg News will keep the community up to date with regards to any further news with the investigation.

**Fatal accident on R43**

*Follows on page 2*

TMS BOUERS

Manny 082 675 8410

admin@tmsbouers.co.za





Since 1999

NHBRC NO: 3000265163

REG NO: 1999/031335/23

A fatal accident took place at approximately 01:00 on Saturday morning, 29 March 2025 between Stanford and Hermanus, close to Misty Mountains (R43). This accident claimed the life of Jaiden Dickson (24) and seriously injured her friend, Elandré Hans (26). They played pool in Hermanus and was on their way home. This accident claimed the life of Jaiden Dickson (24) and seriously injured her friend, Elandré Hans (26). They played pool in Hermanus and was on their way home. It is still unclear if the vehicle (Renault Clio) was standing still or moving very slowly. Allegedly the vehicle's lights were turned off. The driver of a BMW crashed into the girls' Renault Clio. The girls were still in the vehicle when it was hit by the BMW from behind. The vehicle rolled for a few meters and both the girls were propelled from the vehicle. Jaydon's lifeless body was found approximately 30 meters from the wreck.

**First on the scene:**
Bert du Toit from Stanford Security Services told the Gans-Berg News that he and two of his collegues were on their way to investigate a cable theft. The next moment he saw something like a white flash. When he neared the area where the flash came from, he immediately stopped when realizing it was an accident. He and his team provided the neccesary support while waiting for emergency services to arrive.

Elandré was taken to Hermanus Hospital by ambulance and was later transferred to Tygerberg Hospital. Gans-Berg News spoke to Leandré's mother and she confirmed that Leandré is awake, doing better and awaiting for operations to be discussed by doctors.

The Gans-Berg News will keep the community up to date with regards to any further news regarding the investigation of the accident. Our sincere condolences to the Dickson family. Our thoughts and prayers are with the Hans family, and wishing Elandré a speedy recovery.

**Hardus Botha**

# Goue Hande se 30 Goue Jare



*Welverdiende bederf.*

Die welbekende 'Goue Hande' is nie net sinoniem met Herberg-aan-See Tehuis vir Bejaardes (HaS) nie, dit is ook die hartklop daarvan - op 25 Maart 2025 het HaS se Beheerraad hierdie 'hartklop' omgeswaai en is die vroue van Goue Hande bederf en bedien en nie andersom soos normaalweg nie. Hoe dan nou anders? Dit was Goue Hande se 30ste verjaarsdagvieringe - 30 Geseënde Goue Jare.

'n Dankie-sê-ontbyt is deur die Beheerraad, met Riaan Franken as voorsitter en Marmara de Klerk as ondervoorsitter, in Riaan se Blue Goose restaurant aangebied - gratis en sonder enige voorbereidingswerk, het die groep dames vir 'n slag by netjies-gedekte tafels 'aangesit' en is húlle dié keer bedien - ingesluit was selfs 'n pragtige geskenkpakkie, iets wat hulle gewoonlik uitdeel! Buite op die geskenkpakkie is 'n gebed, *'n Gebed vir Kosbare Vroue*, aangebring wat deur Marmara self geskryf is. Daar is behoorlik gekuier en 'n vol (en groot!) ontbyt (voorgereg, hoofgereg en die smaaklikste kaaskoek as nagereg) is geniet - sonder dat 'n vinger vooraf gelig is. Al is dit teenstrydig met hierdie groep se normale, harde en volgehoue werk ten bate van HaS, het hulle, te oordeel aan die oorverdowende geselsery, die welverdiende 'niks-doen-ontbyt' terdeë geniet.

“Herberg-aan-See se Beheerraad, Bestuurspan en al ons inwoners, wil ons innige dank uitspreek vir die ongelooflike werk wat julle as vrywilligers doen,” het Riaan gesê. “Julle deernis en onwrikbare toewyding om 'n verskil in die lewens van ander te maak, is werklik inspirerend.” Francia van Dyk, jarelange voorsitter van die Goue Hande, het kortliks oor die Goue Hande as span gepraat - Marie de Jager het die leisels onlangs by Francia oorgeneem.



*Francia van Dyk, Marmara de Klerk. Marie de Jager en Riaan Franken.*

**Wie, Wat en Waarom?**
Die antwoord ... die pad wat hierdie dames oor die afgelope 30 jaar gestap het, getuig alleenlik van diepe en onbaatsugtige liefde en omgee vir die wel en weë van HaS se inwoners. Tien jaar (2014) gelede is die Goue Hande deur Badisa as die “*Vrywilligersgroep van die Jaar 2014*” aangewys - dit was voorwaar 'n welverdiende en prestige prestasie vir Gansbaai se 'Goue engele'!



*Drie Houe Hande voorsitters: Francia van Dyk, Alta van Zyl en Marie de Jager.*

In 1995, tydens 'n Bybelstudie-oggend deur 'n groep dames, het die gedagte van groter diensbaarheid onder bespreking gekom. Die gedagte is met die destydse matrone van HaS, Christine van Rensburg, bespreek. Vrywilligers is links en regs geskakel en op 18 Mei 1995 het 44 belangstellendes vir die eerste amptelike vergadering by HaS bymekaargekom en die spreekwoordelike 'mostertsaadjie' is geplant - dit was die begin van vrywilligers met 'goue' hande wat HaS in alle opsigte oor jare heen en op 'n deurlopende basis sou ondersteun. 'n Kompetisie vir 'n geskikte naam vir die groep is geloods. Doreen Schwartz, HaS se destydse kok, het die naam “Goue Hande” voorgestel, wat aanvaar is.

**Hardus Botha**

The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.
Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

# Gansbaai Wynproegilde
# Stellenbosch Hills mág maar wynmaak



*Anne-Maré de Witt, Nicola Visser, Lindie van Heerden, Japie Spies en Ian de Witt.*

Gansbaai Wynproegilde se byeenkoms op Dinsdag, 18 Maart 2025 in die immergewilde Great White House, het weer eens die gewildheid van die gilde beklemtoon met sowat 60+ (soms 70!) lede en gaste wat opgedaag het. Met elke byeenkoms is daar nie plek vir 'n 'wynmuis' in die Great White House nie.

Die twee knap wynproe-aanbieders was Stellenbosch Hills se Lindie van Heerden (Logistieke Pakhuisbestuurder) en Nicola Visser (Bemarkingsbestuurder) - altwee met deeglike ervaring by verskeie Wynkelders. "Stellenbosch Hills is ons tweede wynkelder vir die jaar wat vanaand by ons kuier," het Japie Spies, voorsitter van die Wynproegilde, gesê, nadat hy die verwelkoming afgehandel het en Marmara de Klerk die administratiewe sake bespreek het. "Ons kan uitsien na uitstekende wyne wat te proe aangebied gaan word."

Stellenbosch Hills se 7 uitstekende wyne wat te proe aangebied is, het gewissel tussen die reekse Polkadraai,





*Great White House se knap 'kombuisspan' word deur Marmara de Klerk (regs) bedank*

Stellenbosch Hills en 1707 Reserve: *Pinot Noir Sparkling Rosé* 2023 (verwelkomingsdrankie), *Chenin Blanc* 2024, *Sauvignon Blanc* 2024, *White Blend* 2021 (Chardonnay, *Semillon* en *Viognier*), *Merlot* 2020, *Cabernet Sauvignon* 2018, *Red Blend* 2020 (*Shiraz*, *Cabernet Sauvignon*, *Merlot* en *Petit Verdot*). Die meerderheid van stemme vir die 'Wyn van die Aand', was ten gunste van hulle *Red Blend* 2020.

Volledige verduidelikings deur Lindie, met Nicola tussendeur, het die proe-geleenthede des te meer interessant en gesellig gemaak.

Chris Pead se spyskaart, met bykomstighede, het Grilled Halloumi (voorgereg), Lamb Kebabs (hoofgereg) en Lemon Delight (nagereg) aan die gaste gebied - smaaklik soos altyd.


Die gebruiklike Gansbaai Wynproegilde voorskote is deur Ian en Anne-Maré de Witt aan Nicola en Lindie as 'n blyk van waardering oorhandig - natuurlik moes hulle dit aantrek vir die foto, gelukkig bo-oor hulle klere! Wyne, wat nie te versmaai is nie, is aan wenners daarvan oorhandig, nadat hulle bestelvorms vir die gebruiklike geluktrekkings getrek is. Nadat alles afgehandel is, is daar steeds gesellig saamgekuier en gesels, met die Wynproegilde wat oor die jare heen byna soos 'n familie geraak het.

**Hardus Botha**

FYNBOS POLE DEPOT
C/O ALL SAINT & ROTHMAN STREET – BREDASDORP
20 MIMOSA STREET – HERMANUS
E-mail: headoffice@fynbospoles.co.za
Website: www.fynbospoles.co.za
PINE POLES - TAPER (CCA H4)
DROPPERS & LATHS (CCA H3)
WOODCHIPS AND SHAVINGS
GARDEN EDGING
FIREWOOD
Office: 028 384 1587 / Cell: 082 895 5949

Prag LOCKSMITH LEATHER REPAIRS
CAR KEY'S CUT & PROGRAMMED

9A LONG STREET, HERMANUS
083 660 9115

Overberg Scaffold & Machine Hire

Rentals of all building equipment:
Concrete Mixers, Compactors, Drills, Generators, Breakers,
Various types of scaffolding
High pressure spray guns for cleaning of walls and roofs.
Industrial Circle, Industrial Area. Gansbaai
Tel/Fax: 028 384 0189
Fanie Bothma
Cell: 083 296 2676

# Franskraal Kunsroete




Die opwindende 2025 Franskraal Kunsroete is 'n jaarlikse gebeurtenis wat nie misgeloop mag word nie. Die Franskraalstrand Belastingbetalers en Inwonersvereniging is die aanbieders en lesers word uitgenooi om saam op 'n kreatiewe Kunsroete te gaan wat op **Vrydag, 18 April 2025** by die bekende **Eilandhuisie in Franskraal** begin. Vir navrae kan Dries Dreyer by 082 332 9386 geskakel word.

**Die Program, soos in die vorige uitgawe belowe is:**

**Vrydag, 18 April 2025 (14h00-16h00) - Paasfees Poësie**
*Verskeie Woordkunstenaars wy hul talente aan die kruisiging van Christus, die Verlosser - Dries van Heerden, Elma Torr, Mari Weber en Charlotte Herselman.

**Saterdag, 19 April 2025**
*10:00: "Skryf as Terapie" - Charlotte Herselman.
*11:00: "Skryf en self publikasie" - Carine Badenhorst.
*14:00: "Klank in Kleur" - Elmarie Stofberg.

**Sondag, 20 April 2025**
*10:00: "Opstandingsgesprek" - Dr Daniel Louw.

**Maandag, 21 April 2025**
*10:00: "Bonsai as Kuns en Geskiedenis" - Johan Neser.
*Bespreek jou sitplek, slegs 20-25 sitplekke per sessie beskikbaar.
*Bespreek via WhatsApp: Dries Dreyer by 082 332 9386.
*Gelukkigstrekking en Afsluitingsgeleentheid.
*16:30 vir 17:00 by Franskraal Rolbalklub (Kroeggeriewe beskikbaar)
*Moenie hierdie onvergeetlike Woordkuns-ervaring mis nie!

**Ontmoet nog kunstenaars:**

**Carine Badenhorst:**
Carine is 'n talentvolle kunstenaar en skrywer, met bykomende kreatiwiteite. Gedurende die Paasnaweek gaan sy gesprekke voer oor die proses van skryf, selfpublikasie en bemarking.

**Martha van der Westhuizen:**
Martha is 'n kunstenaar en fotograaf, met haar passie waarmee sy op fotografie fokus - Portret, Makro en Landskappe.

**Elmarie Stofberg:**
Elmarie fokus op 'Klank in Kleur' en lesers kan gerus op Saterdag, 19 April 2025 om 14:00 na haar gaan luister.

**Hardus Botha**


Carine Badenhorst


Martha van der Westhuizen


Elmarie Stofberg

# Lindile Ntsabo assumes role of Acting Executive Mayor for Overstrand Municipality

Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Starting today, 1 April 2025, Overstrand Deputy Executive Mayor, Alderman Lindile Ntsabo, will serve as Acting Executive Mayor until a new executive mayor is elected.
With Dr Rabie stepping down, the mayoral committee she appointed has been dissolved. Acting Executive Mayor Ntsabo now holds full authority in the mayoral role, alongside the Speaker, Grant Cohen. Overstrand Municipality remains committed to its ongoing efforts to deliver essential services to the community.

GansBerg Nuus/News



Get your newspaper on the shelves every Friday or read it on our website:
www.gansbergnuus.co.za




In De Kelders is 'n trotse oupa en ouma, die bekende eppaar De Waal en Cariena de Waal - hoe dan nou anders? Hulle kleindogter van Prins Albert Hamlet, Lizé de Waal (16), het aan die Boland se One Day & T20 Club Champs deelgeneem, terwyl sy ook die spankaptein is. Lizé se ouers is Arno en Esté de Waal. "Talent wins Games, but Teamwork wins Championships!", is hulle gepaste leuse. Lizé hurk links in die voorste ry.

Hardus Botha




**CONTACT US TO ADVERTISE:**

Michelle:078 010 8286
michelle@gansberg.co.za

# LSG Netbalkeurders



Baie geluk aan Lyndri Kotzé en Jolinda Avenant wat as Netbal-keurders vir Laer- en Hoërskoolnetbal gekies is. "Julle toewyding en passie vir die sport is inspirerend, en ons weet julle sal 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van jong netbalspelers kan lewer," het Laerskool Gansbaai laat weet. "Baie sterkte met hierdie groot verantwoordelikheid, geniet die ervaring en ons is baie trots op julle twee!"

Hardus Botha






**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**

Hardus:082 786 0494
info2@gansberg.co.za







1 April
Karlina Appel
HaS



3 April
Elizabeth Arendse
Oak Grove



8 April
Judith Hartman
HaS



12 April
Dina Plaatjies
HaS



15 April
Dina Mouton
Oak Grove



17 April
Hendrik (Afdakkie) Lourens
HaS



23 April
Cynthia Privett
HaS



26 April
Jan Jansen van Vuuren
HaS



30 April
Rina Lourens
HaS

# Water vir die wyser jare en brein plastisiteit vir ons almal

*Geskryf deur Dr Arien, spesialis in holisitiese en natuurlike medisyne - Gesondheidswinkel: Baai Fransche Health.*

**Water Woelings**
Het jy of iemand na aan jou, simptome van verwarring, vergeetagtigheid en gemoedsversteuring in die wyser jare? Dit is dalk nie tumore in die brein, simptome van Alzheimer se siekte of demensie, nie. Die 3 hoofoorsake is onbeheerde diabetes mellitus (suikersiekte) of hipoglisemie (lae bloedsuiker), urienweginfeksie en dehidrasie, of tekort aan water.

Vandag kyk ons kortliks na dehidrasie, ook as deel van die praktiese maniere om neuro-/breinplastisiteit te bevorder. Die van ons oor 60 hou dikwels op om dors te voel en hou dus op om genoeg vloeistof te drink. Die rede is dat die dorssentrum in die brein lui raak. Vir almal wat vining honger voel, drink eers 'n glas water! Dors word dikwels verdoesel deur 'n gevoel van hongerte.




Veral mense wat alleen woon en niemand het om hulle te herinner nie, ontwater maklik. Dehidrasie is ernstig en beïnvloed die hele liggaam. Dit kan skielike geestelike verwarring veroorsaak, 'n daling in bloeddruk, verhoogde hartkloppings, angina (pyn op die bors), koma en selfs die dood.

Soos Laurika Rauch in haar liedjie, '*Vergeet om my te vergeet, onthou om my te onthou*', vra water ons om te onthou! Almal van ons moet altyd skoon water (dalk met vars kruisement en stukkies suurlemoen en komkommer in), kruietee en heuningwater byderhand hou; langs die bed as ons gaan slaap, in die motor as ons ry, langs die rekenaar en terwyl ons TV kyk. Dan is dit maklik om die




aanbevole 250ml glas water per 10kg liggaamsgewig, per dag in te neem (bv. As jy70kg weeg, behoort jy 7 glase per dag in te neem). Dis vir waterbalansonderhoud. Ons selle is 90% water. As dit warm is, of jy oefen, moet jy selfs meer drink. Laat dit 'n gewoonte, soos tandeborsel, word, selfs al moet jy oral herinneringsnotatjies opplak aan die begin; dan is dit maklik om te onthou van hierdie goeie gesondheidsgewoonte!

Dit bring ons by breinplastisiteit (neuroplastcity) - '*be a fountain not a drain'- time to mentor*'! Ons breinselle (neurone) het die inherente vermoeë om deur ons lewe nuwe kruisnetwerke te vorm. Net soos spiere moet dit egter oefening kry en dis ons keuse om ons brein optimaal te laat funksioneer. Dis waar julle my kan toelaat om julle te onderrig in praktiese manière om breingim daaglikse oefeninge, soos onthou om water te drink en jou lewensreislesse vir die jonger geslag neer te pen, of op te neem.

Kom vind uit van maniere om jou vervormbare neuro-netwerke te optimaliser vir heelbreinfunksie. This talk, with some practical examples, is a pre-amble for the weekly 5 session Practical Short Course in Neuroplasticity. I can't wait to share this info with you! Bespreek nou vir Woensdag, 23 April, 10h00-11h00, by Die Hangkas, @Groeneweide, Franskraal. Please share with others who might be interested in improving their concentration, memory, focus and creativre thinking. Hralth investment: R100. Payment serves as booking. Please call 083 731 2049, leave a Whatsapp message, or send an email to doctor@ArianiHealth.com

## OVERSTRAND MUNICIPALITY / OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

Applications are hereby invited from qualified persons to be appointed in the under mentioned vacancy:

### SENIOR CLERK: CLIENT SERVICES

**Directorate:** Financial Services
**Department:** Billing Services, Cashiering Services & Enquiries
**Reference numbers:** WC0320128
**Basic salary:** R166 632 p.a.
**Employment type:** Permanent
**Place of Work:** Gansbaai

**Requirements:** • Grade 12 Certificate • Computer literacy in MS Office (MS Word, MS Excel) • 2–5 (two–five) years' relevant experience • Communication skills in at least two (2) of the three (3) official languages of the Western Cape.

**To view detailed advertisement with all relevant information for the above vacancy please visit Overstrand Municipality's website at: www.overstrand.gov.za**

**For any enquiries in this regard, please contact Mrs C Nel on 028 384 8305**

**Closing date: 17 April 2025**

Gekwalifiseerde persone word hiermee uitgenooi om vir die onderstaande vakature aansoek te doen:

### SENIOR KLERK: KLIËNTEDIENS

**Direktoraat:** Finansiële Dienste
**Departement:** Rekeningdienste, Kassierdienste & Navrae
**Verwysingsnommer:** WC0320128
**Basiese Salaris:** R166 632 p.j.
**Indiensnemingstatus:** Permanent
**Standplaas:** Gansbaai

**Vereistes:** • Graad 12 Sertifikaat • Rekenaargeletterdheid in MS Office (MS Word, MS Excel) • 2–5 (twee–vyf) jaar relevante ondervinding • Kommunikasievaardighede in enige twee (2) van die drie (3) amptelike tale van die Wes-Kaap.

**Besoek Overstrand Munisipaliteit se webtuiste by www.overstrand.gov.za vir die volledige advertensie, met al die toepaslike inligting vir die bogenoemde vakature.**

**Vir verdere inligting kontak asseblief Mev C Nel by 028 384 8305**

**Sluitingsdatum: 17 April 2025**

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 61/2025

# VACANCY / VAKATURE

Taurus
CAPE KELP

**TRANSPORTER/ TRUCK DRIVER**
**LOCATION:** **GANSBAAI, WESTERN CAPE**
**REPORTING TO:** **GENERAL MANAGER**

**JOB OBJECTIVE:**
Transporting items in a safe and timely manner for the company to customers, adhering to specific routes and time schedules.

**RESPONSIBILITIES**

- Loading, transporting, and delivering items to customers in a safe, timely manner.
- Reviewing orders before and after delivery to ensure that orders are complete, the charges are correct, and the customer is satisfied.
- Assisting with loading and unloading items from vehicles
- Providing excellent customer service, answering questions, and handling customer complaints
- Adhering to assigned routes and following time schedules.
- Abiding by all transportation laws and maintaining a safe driving record
- Preparing reports and other documents relating to deliveries
- Complete necessary pre-checks on vehicles
- Assist with coordinating staff when required.
- Operating equipment and machines, such as car, truck, van, etc.
- Assist with general labour duties as and when required.

**REQUIREMENTS**

- Grade12 / Matric is essential.
- A valid EC/Code 14 Driver's license is essential.
- A valid PDP is essential.
- Proven experience as a Truck Driver is essential.
- A clean driving record is essential.
- Excellent eyesight is essential.
- Willingness to work irregular hours.
- Willingness to adhere to assigned schedules, safety procedures, and transportation laws.
- Ability to walk, drive, and lift and carry heavy items for extended periods.
- A polite and professional disposition
- Ability to remain calm in stressful driving situations.
- Fluent in isiXhosa AND English OR Afrikaans

Please apply by sending a copy of your CV to nwilliams@tcck.co.za

Closing date for applications: 10 April 2025

**Disclaimer**: Strictly fair and non-discriminatory selection procedures will be followed. We use Employment Equity (EE) and Affirmative Action (AA) measures in an endeavour to redress the disadvantages in employment experienced by designated groups. Where possible, preference will be given to candidates from the designated groups as defined in the Employment Equity Act and in line with Taurus's Employment Equity plans. Taurus reserves the right to defer or close a vacancy at any time.

Due to the high volume of applications received, only shortlisted candidates will be contacted. Should you not hear from us within two (2) weeks following the closing date for applications, kindly consider their application unsuccessful.



## OVERSTRAND BABOON HOTLINE:
## 069 151 5962



## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### OVERSIGHT REPORT WITH REGARD TO THE 2023/24 ANNUAL REPORT

Notice is hereby given in terms of the provisions of Section 129(3) of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003) that the Oversight Report with regard to the 2023/2024 Annual Report is available for scrutiny during office hours at the offices of the Public Liaison Managers in Gansbaai/Stanford, Hermanus and Kleinmond and all the public libraries in the Overstrand. The document is also available on the municipal website, www.overstrand.gov.za under strategic documents.

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### OORSIGVERSLAG MET BETREKKING TOT DIE 2023/24 JAARVERSLAG

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 129(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) dat die Oorsigverslag met betrekking tot die 2023/2024 Jaarverslag gedurende kantoorure by die kantore van die Openbare Skakelbestuurders in Gansbaai/Stanford, Hermanus en Kleinmond en in alle openbare biblioteke in die Overstrand vir besigtiging beskikbaar is. Die dokument is ook beskikbaar op die munisipale webwerf, www.overstrand.gov.za onder strategic documents.

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

### UMASIPALA WASE-OVERSTRAND: INGXELO YOKUHLOLWA MALUNGA NENGXELO YONYAKA WAMA-2023/24

Esi sisaziso esikhutshwa ngokwemigqaliselo yeSolotya 129(3) sikaRhulumente waseKhaya: UMthetho (wowama-56 wowama-2003) woLawulo lweMali kaMasipala sokuba ingxelo yohlolo emalunga nengxelo yonyaka yonyaka-mali 2023/2024 iyafumaneka ukuze iphononongwe ngexesha leeyure zomsebenzi kwiOfisi Zoluntu zabaPhathi Bonxibelelwano eGansbaai/Standford,Hermanus kunye nase Kleinmond kunye nakuwo wonke amaThala encwadi ase Overstrand.

Oluxwebhu lukwafumaneka kumakhasi onxibelelwano, iwebhusayithi, www.overstrand.gov.za phantsi kwegama elithi "Lamaxwebhu eqhinga(strategic documents)

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 68/2025

153196




**CONTACT US TO ADVERTISE:**
Michelle:078 010 8286
michelle@gansberg.co.za



**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**
Hardus:082 786 0494
info2@gansberg.co.za


## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### PUBLIC WARD COMMITTEE MEETINGS

Notice is herewith given that the public meetings for the wards mentioned below will take place on the dates and times as indicated to discuss public input on the draft IDP review and Budget for the 2025/2026 financial year.

| Ward | Date and Time | Venue |
|---|---|---|
| 1 | Tuesday 22 April 2025 18:00 | Community Hall Stanford |
| 2 | Wednesday 16 April 2025 18:00 | Community Hall Masakhane |
| 3 | Wednesday 09 April 2025 18:00 | Auditorium Hermanus |
| 4 | Wednesday 09 April 2025 18:00 | Auditorium Hermanus |
| 5 | Monday 07 April 2025 18:00 | Community Hall Zwelihle |
| 6 | Monday 07 April 2025 18:00 | Community Hall Zwelihle |
| 7 | Wednesday 09 April 2025 18:00 | Auditorium Hermanus |
| 8 | Thursday 10 April 2025 18:00 | Thusong Centre Hawston |
| 9 | Tuesday 15 April 2025 18:00 | Town Hall Kleinmond |
| 10 | Tuesday 15 April 2025 18:00 | Town Hall Kleinmond |
| 11 | Monday 14 April 2025 18:00 | Council Chambers Gansbaai |
| 12 | Monday 07 April 2025 18:00 | Community Hall Zwelihle |
| 13 | Wednesday 09 April 2025 18:00 | Auditorium Hermanus |
| 14 | Monday 14 April 2025 18:00 | Council Chambers Gansbaai |

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### PUBLIEKE WYKSKOMITEE-VERGADERINGS

Kennis geskied hiermee dat die publieke vergaderings vir die ondergemelde wyke op die datums en tye soos aangetoon, sal plaasvind om openbare insette van die konsep hersiening van die GOP en Begroting vir die 2025/2026 finansiële jaar te bespreek.

| Wyk | Datum en Tyd | Lokaal |
|---|---|---|
| 1 | Dinsdag 22 April 2025 18:00 | Gemeenskapsaal Stanford |
| 2 | Woensdag 16 April 2025 18:00 | Gemeenskapsaal Masakhane |
| 3 | Woensdag 09 April 2025 18:00 | Ouditorium Hermanus |
| 4 | Woensdag 09 April 2025 18:00 | Ouditorium Hermanus |
| 5 | Maandag 07 April 2025 18:00 | Gemeenskapsaal Zwelihle |
| 6 | Maandag 07 April 2025 18:00 | Gemeenskapsaal Zwelihle |
| 7 | Woensdag 09 April 2025 18:00 | Ouditorium Hermanus |
| 8 | Donderdag 10 April 2025 18:00 | Thusong Sentrum Hawston |
| 9 | Dinsdag 15 April 2025 18:00 | Stadsaal Kleinmond |
| 10 | Dinsdag 15 April 2025 18:00 | Stadsaal Kleinmond |
| 11 | Maandag 14 April 2025 18:00 | Raadsaal Gansbaai |
| 12 | Maandag 07 April 2025 18:00 | Gemeenskapsaal Zwelihle |
| 13 | Woensdag 09 April 2025 18:00 | Ouditorium Hermanus |
| 14 | Maandag 14 April 2025 18:00 | Raadsaal Gansbaai |

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

### INTLANGANISO YEE WADI KOMITI KAWONKE-WONKE

Isaziso siyanikezelwa ukuba intlanganiso zezi wadi zikhankanyiweyo ngezantsi zizakuba ngalemihla kunye nalamaxesha abonisiweyo ukuze kuxoxwe uluntu lufake imbono zalo ngokwembalo ephinde yajongwa ngokwezo-baluleko kwiwadi kwimpela mali yonyaka ka 2025/2026

| Wadi | Usuku Nexesha | Indawo |
|---|---|---|
| 1 | NgoLwesibini 22 uCanzibe 2025 18:00 | KwiHolo loluntu Stanford |
| 2 | NgoLwesiThathu 16 uCanzibe 2025 18:00 | KwiHolo loluntu Masakhane |
| 3 | NgoLwesiThathu 09 uCanzibe 2025 18:00 | Auditorium Hermanus |
| 4 | NgoLwesiThathu 09 uCanzibe 2025 18:00 | Auditorium Hermanus |
| 5 | NgoMvulo 07 uCanzibe 2025 18:00 | KwiHolo loluntu Zwelihle |
| 6 | NgoMvulo 07 uCanzibe 2025 18:00 | KwiHolo loluntu Zwelihle |
| 7 | NgoLwesiThathu 09 uCanzibe 2025 18:00 | Auditorium Hermanus |
| 8 | NgoLwesiNe 10 uCanzibe 2025 18:00 | Thusong Hall Hawston |
| 9 | NgoLwesibini 15 ucanzibe 2025 18:00 | KwiHolo leDolophu Kleinmond |
| 10 | NgoLwesibini 15 uCanzibe 2025 18:00 | KwiHolo leDolophu Kleinmond |
| 11 | NgoMvulo 14 uCanzibe 2025 18:00 | Kwigumbi leBhunga Gansbaai |
| 12 | NgoMvulo 07 uCanzibe 2025 18:00 | KwiHolo loluntu Zwelihle |
| 13 | NgoLwesiThathu 09 uCanzibe 2025 18:00 | Auditorium Hermanus |
| 14 | NgoMvulo 14 uCanzibe 2025 18:00 | Auditorium Hermanus |

**For any enquiries contact/Vir enige navrae kontak/Ngayo nayiphi na imibuzo qhakamshelana:**
Gansbaai (Ward/Wyk/Wadi 1, 2, 11 & 14) @ 028 384 8331/8364
Hermanus (Ward/Wyk/Wadi 3, 4, 5, 6, 7, 8, 12 & 13) @ 028 313 8112/8968
Kleinmond (Ward/Wyk/Wadi 9 & 10) @ 028 271 8400

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 74/2025

153242

# Lyndans op Franskraalstrand 'Boogie on the Beach'


Lyndans op Franskraalstrand


Penquins Gansbaai

'*Boots 'n Bling...It's a Cowgirl thing*', het die program gelui. Baie aktiwiteite op Franskraalstrand is al aangebied, soos kompetiese-speletjies, die professionele bou van sandbeelde en baie meer, maar Lyndans deur sowat 170 lyndansers - nog nie daarvan gehoor nie en dit nogal in die bloedige son en hitte.

Sestien verskillende Lyndansklubs, Gansbaai Lyndansers natuurlik ingesluit, het gedurende die naweek, 14-15 Maart 2025 met 'n lywige, maar prettige program. Vrydagaand is daar met 'n gesellige sosiale byeenkoms in Gansbaai Gholfklub se saal beging, sommer tot laatnag toe. Die Saterdagoggend is tyd aan Lyndans-werkswinkels afgestaan om van mekaar te leer. Daarna was dit die '*Boogie on the Beach*' - en wat vir 'n talentvolle aanbieding, wat terdeë deur die toeskouers geniet is, was dit nie. Klanktoerusting, mikrofone en CD's met tipiese lyndansmusiek sou selfs die haaie weggehou het, indien van hulle in die omtrek was.

Selfoon-video-opnemers en toeskouers met kameras het behoorlik bontgespring om soveel as moontlik aksies van alle kante af vir bewaring vas te lê. Dit was verstommend om te aanskou hoe gelyk die lyndanspassies uitgevoer word - op los seesand. Lang rye op die strand, met sowat 4-5 rye lyndansers agtermekaar, het die seesand laat 'kreun' - 'n unieke, maar gesellige aanbieding wat nie gereeld gesien word nie.

Die Gans-Berg Nuus glo daar was 'n welverdiende blaaskans na die gedansery op die seesand - maar nie vir lank nie. Saterdagaand het die groep op sosiale noot met 'n gesellige '*Dixie Disco*' afgesluit! Weer het hulle opgetree aan saamgedans en gekuier tot laataand toe, asof die seesand-dansery nie genoeg was nie.

Die lyndansklubs wat almal kom kuier het, is: Alleycats, Bettys Bay Inline Dance Group, Bootscooters SA, Bri's Line Dance Academy, Crazyfoot Saloon, Elsa's Linedancers, Gabby's Linedancers, Line & Wine Westcoast, Linedance Addiction, Natinline, **Penquins Gansbaai**, Rhythm Divine Linedancers, Rythm in Motion, Step it up, Westerns Line Dancers en Whalecoast Linedacers. Die gesamentlike Lyndansklubs kom jaarliks op verskillende plekke op hierdie wyse bymekaar - en as daar 'n strand is, is hulle daar om op die seesand te lyndans!

**Hardus Botha**


170 Lyndansers op Franskraalstrand





# BRAIN TEASERS / KOPKRAPPERS

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 9 | 3 | | | | | |
| | | 6 | | | 7 | | 9 | 1 |
| | 7 | | | | | | | |
| 3 | | | 4 | | | | | 6 |
| | | | | 9 | | | | |
| 6 | | 1 | 5 | 3 | | 2 | | |
| | | | 6 | | | | 1 | |
| | | 4 | | | | | 8 | |
| | 8 | | | | | | 7 | 4 |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| X | S | H | K | N | I | L | O | I | V | F | S | K | M | V | K | A |
| P | K | M | X | T | A | R | K | A | T | G | C | B | A | K | Q | C |
| A | E | A | W | V | R | T | E | E | L | I | N | O | J | C | P | C |
| C | T | N | R | L | Z | U | N | N | T | U | V | O | A | O | R | O |
| I | U | D | N | Z | A | R | M | S | O | E | S | S | G | B | A | R |
| N | L | O | C | Y | O | B | M | P | E | H | T | K | A | K | H | D |
| O | L | L | E | C | W | U | M | X | E | A | P | G | X | Q | S | I |
| M | B | I | Z | J | R | H | O | Y | N | T | P | O | X | P | W | O |
| R | T | N | W | T | L | N | I | E | C | I | W | K | X | V | E | N |
| A | Z | Y | S | A | E | K | T | S | P | S | F | N | K | A | J | O |
| H | S | K | B | C | B | S | I | E | T | A | I | D | L | J | S | D |
| S | L | A | O | U | T | A | S | C | M | L | F | Q | E | E | H | R |
| O | S | M | E | L | O | D | E | O | N | L | E | A | J | L | S | W |
| S | Q | C | N | R | O | H | L | E | G | U | L | F | O | P | I | V |

ACCORDION
BAGPIPES
BASS
CASTANETS
CELLO
CORNET
CYMBAL
FIFE
GONG
HARMONICA
JEWS HARP
LAOUTA
LUTE
MANDOLIN
MELODEON
MOCENO
SAXOPHONE
STRUMSTICK
TARKA
TRUMPET
VIOLIN




## ANSWERS

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| W | L | B | J | O | T | T | E | M | U | R | D | Z | A | L | Z | U |
| N | W | Q | V | F | E | C | O | N | C | E | R | T | I | N | A | V |
| R | R | E | M | I | C | L | U | D | B | G | P | F | L | U | T | E |
| E | X | N | I | N | B | W | T | V | S | R | U | D | H | S | O | H |
| T | B | O | Z | A | O | R | A | S | A | A | I | I | A | J | Z | A |
| T | S | H | M | S | T | B | A | H | I | D | S | K | T | T | H | R |
| I | K | P | A | O | S | C | O | P | G | H | I | A | E | A | X | M |
| C | X | O | R | G | X | G | H | E | H | A | W | N | B | B | R | O |
| R | E | L | G | N | A | I | R | T | L | O | I | E | O | A | B | N |
| A | H | Y | Y | O | V | I | T | A | J | R | N | D | D | P | C | I |
| T | G | X | B | B | D | K | L | J | A | F | H | E | M | I | Q | U |
| M | A | N | D | O | L | A | P | L | M | R | V | M | X | A | L | M |
| F | X | B | O | S | B | M | C | X | A | E | P | F | C | N | T | S |
| S | G | K | P | C | W | I | Y | N | A | Y | X | H | D | O | L | H |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | 1 | 8 | 5 | 6 | 7 | 3 | 2 | 9 |
| 5 | 2 | 3 | 1 | 8 | 9 | 6 | 4 | 7 |
| 9 | 6 | 7 | 4 | 2 | 3 | 8 | 1 | 5 |
| 8 | 9 | 2 | 7 | 1 | 5 | 4 | 3 | 6 |
| 6 | 3 | 5 | 8 | 4 | 2 | 7 | 9 | 1 |
| 1 | 7 | 4 | 9 | 3 | 6 | 2 | 5 | 8 |
| 2 | 4 | 1 | 6 | 5 | 8 | 9 | 7 | 3 |
| 3 | 8 | 9 | 2 | 7 | 1 | 5 | 6 | 4 |
| 7 | 5 | 6 | 3 | 9 | 4 | 1 | 8 | 2 |

# Medical 911

CMC Critical Medical Care
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
PRIVATE AMBULANCE
HERMANUS | GANSBAAI | CALEDON | OVERBERG

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

Overstrand Medical Response
More Than Just EMS
078 699 6995
Private Ambulance Service
info@omrmedics.co.za

1 Life Rescue
1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

# Lighuis-na-Lighuis (L2L) ‚Superdames' se 100km stap

"*Bringing Light to the Overstrand*!" Dit was weer die jaarlikse L2L (*Lighthouse to Lighthouse*) stap deur 'n groot groep Superdames - sowat 90+ van hulle. Elke jaar is die doel van hierdie stap 'n fondsinsamelingsprojek vir liefdadigheid - vanjaar het hulle ten bate van Huis Lettie Theron in Hermanus gestap.



*Eindpunt: Danger Point. (Foto: Lizel Britz)*

"Elke dag se stap is deur humor, lag en gesels gekenmerk," vertel Betsie de Witt wat, na afloop van die stap, met die Gans-Berg Nuus gesels het. "En saans is dit nie 'gedane' dames wat 'n rusplek soek nie, nee, dan neem humor en pret oor, insluitend kostelike uitrustings wat aangetrek word, asof daar glad nie gestap is nie!" Dit was Betsie se 3de L2L-stap.

By Franskraalstrand is daar behoorlik gerus. Gegeurde ysies en waatlemoen kon geniet word. Mark Robson van 1Life Rescue het die voete en tone bietjie 'gedokter'. Een van die dames het die spulletjie so bekyk en so ewe gevra: "Kry ons 'n *full pedicure*?" Nog 'n manlike helper het die voete met water afgespoel, met een van die dames wat gesê het: "Laat 'n man nou my voete vir my moet was!"

Daarna is die laaste ent na Danger Point aangepak. By Danger Point aangekom, het vriende en familielede gejuig, hande geklap, drukkies uitgedeel en helpers het die medaljes oorhandig. Op-en-wakker musiek is gespeel, met die stappers wat rondgespring en gedans het asof hulle nie 4 dae se stap agter die rug het nie. Vandaar is die groep met busse na Hermanus waar hulle op Grotto Beach verwelkom is en met vlae rondgestap het om die stappery finaal mee af te sluit. 'n Groepie van Huis Lettie Theron se bejaardes het die dames ook verwelkom om dankie te sê vir die fondsinsamelingsprojek.

Die Redaksie van die Gans-Berg Nuus wens hierdie groep 'Supersterre' van harte geluk met 'n suksevolle stap en ons sê uit een mond: "Bravo, dames, bravo!"

**Hardus Botha**



*'n Oornagplek (Foto: Lizel Britz)*



*Betsie de Witt met gegeurde ysies*



*Mark Robson 'dokter' die voete*



*Medalje-oorhandigings.*



*Dansery by Danger Point.*

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335 |
| | 0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care: | 066 222 7219 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |

EMERGENCY

## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Anthony Melly - 079 523 8478
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Johan Pieterse - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

# CLASSIFIEDS




ALCOHOLICS ANONYMOUS – UNITY SERVICE RECOVERY
DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783



**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**

Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*

Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT



**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283



**Te Koop**
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**





**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*
Kontak Deon: 076 838 2890



**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
10 Jaar waarborg op materiaal
* 1.8m Nuwe Mure teen R680 per meter
(Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies
Ons diens dek die hele Overberg
Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204



**KLEINMOND SKRYNWERKERS**
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za




HULP MET VUURWAPENLISENSIES
Riaan Booysen: 074 203 6658
riaanbooysen@webmail.co.za



**BOSMAN VERWERS**
Kontak ons vir 'n kwotasie vir verf van Huise binne/ buite/ houtwerk of dak
Hennie & Elana Bosman
082 570 0907 / 082 533 3580









Western Cape Government
FOR YOU

PUBLIC NOTICE

## SCORPION ANTIVENOM SUPPLY LOW



The supply of antivenom is low and we need to take extra precaution not to get stung.

The most venomous scorpion in South Africa is the Parabuthus [illegible] species, which is found throughout the Western Cape. It varies in colour, and of note is that the tail is very thick and robust compared to the pincers.

Shake out your shoes and wear shoes when you go outside after sunset, clear clutter in your yard, and avoid areas with potential scorpion hiding spots like piles of rocks or debris.

[illegible]

Wes-Kaapse Regering
VIR JOU

OPENBARE KENNISGEWING

## SKERPIOEN TEENGIF VOORRAAD LAAG



Die voorraad teengif is min en ons moet ekstra voorsorg tref om nie deur skerpioene gesteek te word nie.

Die giftigste skerpioen in Suid-Afrika is die Parabuthus [illegible] spesie, wat regoor die Wes-Kaap voorkom. Dit verskil in kleur en opmerklik is dat die stert baie dik en robuust is in vergelyking met die knypers.

Skud jou skoene uit en dra skoene as jy buite gaan na sonsondergang, maak rommel in jou tuin skoon en vermy gebiede met moontlike skerpioen-wegkruipplekke soos hope klippe of puin.

[illegible]

# Gansbaai Gholfklub Driving Range Classic Borgdag



Francois van der Merwe en Daniel van der Merwe

Die belangrike *Driving Range Classic Borgdag* se 2Ball American Scram gholfkompetisie het suksesvol afgeloop, met Francois en Daniel van der Merwe as wenners.

**Woensdag, 19 Maart:**
Hugo Groenewald wen die Sloegters Enkel Stableford kompetisie met 44 punte, gevolg deur Marietjie de Villiers 40, Rene Myburgh 36, Bev Swart 36, Jacques Louw 35, Solly Wessels 35, Leon Lombaard 35, Marie Fourie 35, Daan Victor 33, Deon Coetzee 33.
*Naaste aan die pen op no 2*: Bev Swart.
*Boerpotwenners (Putjies no's 6,9 17)*: Hugo Groenewald, Marietjie de Villiers en Bev Swart.

**Vrydag, 28 Maart:**
Pero Heyns wen die 9-putjie Enkel Stableford kompetisie met 22 punte, gevolg deur Edmund Halse 21, John Smith 20, George Hunt 20, Barbara Halse 19, Pietie Dry 17, Koos Myburgh 14, Sakkie van der Merwe 12, Deon Momberg 10 en Jacques Louw 9.

**Saterdag, 29 Maart:**
Francois van der Merwe & Daniel van der Merwe was die wenners (met 65 nett) van die Driving Range Classic Borgdag se 2Ball American Scramble met 'n opkoms van 57 spelers, en hulle is opgevolg deur Jacques Louw & E Venter 67, JP Laubscher & Aileen Laubscher 67, Bev Swart & Bertie Laubscher 68, Werner Muller & Tiaan Muller 68, Deon Coetzee & Drian Britz 68, Kobus Booysens & Johan Schneider 68, Julian & Matthews 69, Corrie Avenant & Andre Hage 69 en Melvin Tobias & Joe Cesare 69.
*Naaste aan die penne:* Pieter Kruger no 2 (geel bof), JP Laubscher no 8 (geel bof), JP Laubscher no 8 (geel bof), Johan Coetzee no 11 (rooi bof), Bev Swart no 11 (geel bof), Johan Coetzee no 15 (rooi bof), Peet Pretorius no 15 (geel bof) en Andrew Dalgleish no 17 (geel bof).
*Langste dryf* no *18:* Pieter Uys (rooi bof) en Daniel van der Merwe (geel bof).
*Langste set op no 9:* Wally Wallace.

Hierdie was 'n belangrike geleentheid vir die Klub en ons bedank Bev Swart en sy span: Welcome, Yotsi en Abongile. Die baan lyk pragtig, die slaannette hou nog sover, en die spelers geniet die oefenplek wat 'n lieflike aanvulling is vir die pragtige baan. Ons baanspan werk baie hard en het ekstra moeite gedoen om die baan in uitstekende toestand te kry.

Die komitee bedank graag die volgende borge: Build It, Gavin Flint (Natgat), Andre en Juanita Hage, Bev Swart, Corrie Avenant, Costal Hire (JP Laubscher), Lomond Wyne, Robert (bier) en Perry Form Works, Gansbaai Gholfklub (worsrolletjies en OK voucher). Bev Swart bedank ook vir Pieter Smal wat verantwoordelik is vir borge, en vir al sy harde werk om so 'n suksesvolle dag aan te bied.

**Saterdag, 5 April:**
Borgdag van Battery Corp Gansbaai en Bredasdorp. Die formaat is 'n 4Ball American Scramble.

**Vrydag, 11 April:**
Volgende steak aand - moet dit nie misloop nie.
Baie welkom aan Bev Swart, ons nuwe Klubkaptein. Ons hoop die vaarwaters sal rustig wees, Bev!

**Groete, Johan Coetzee**
**082 878 0534**



Bev Swart



Hugo Groenewald



Pero Heyns

## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 04/04/2025 | Saturday 05/04/2025 | Sunday 06/04/2025 | Monday 07/04/2025 | Tuesday 08/04/2025 | Wednesday 09/04/2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| 23° | 23° | 25° | 25° | 21° | 21° |
| Fresh Breeze 9 m/s from east 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from east 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from east 0 mm precipitation. | Gentle Breeze. 4 m/s from south - west 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 7 m/s from west 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 8m/s from west 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 4 April | 0727 | 2019 | 1354 | 0200 |
| 5 April | 0901 | 2219 | 0251 | 1549 |
| 6 April | 1113 | 2358 | 0508 | 1736 |
| 7 April | 1233 | 0053 | 0629 | 1839 |
| 8 April | 1319 | 0131 | 0717 | 1921 |
| 9 April | 1353 | 0200 | 0752 | 1953 |
| 10 April | 0202 | 1422 | 0820 | 2021 |
| 11 April | 0230 | 1449 | 0844 | 2046 |
| 12 April | 0257 | 1515 | 0908 | 2111 |
| 13 April | 0322 | 1541 | 0932 | 2136 |
| 14 April | 0347 | 1608 | 0956 | 2201 |
| 15 April | 0412 | 1634 | 1021 | 2227 |
| 16 April | 0438 | 1703 | 1048 | 2254 |
| 17 April | 0506 | 1734 | 1117 | 2326 |

GansBerg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

# Sport

ADVERTISE HERE
CALL US
078 010 8286

OK Foods
Tel: 028 384 0001 GANSBAAI
WINKELURE
Maan - Sat
07:00 - 19:00
Sondag
07:00 - 15:00
Myland Biltong
OK Liquor
Tel: 028 384 0001
Mon - Fri
08:00 - 19:00
Saturday
08:00 - 19:00
Sunday
08:00 - 15:00

## Franskraal Rolbalklub G-BAY Biltong Deli Borgdag

Wat 'n suksesvolle G-BAY Biltong Deli Borgdag was dit nie vir De Wet Gilliomee, eienaar, nie. 24 spanne, vanaf wyd en syd, met 3 spelers per span (72) het ingeskryf - Bonnievale (3 spanne), Goodwood (1 span), Hermanus (3 spanne), L'Agulhas (1 span), Montagu (2 spanne), Old Oak (1 span), Villiersdorp (1 span), Witsand (2 spanne), Yserfontein (1 span), met die gasheerklub, Franskraal Rolbalklub (9 spanne).

Die 1ste 5 wenners, met Hermanus in die 3de, 4de en 5de plekke, word vermeld: Bonnievale - Herbert Victor (1ste); Goodwood - Tiennie Stassen (2de); Hermanus - André Cronje (3de), Laurie Keevy (4de) en Stephen Chambers (5de). Die span met die laagste puntetelling het die 'Booby-prys' ontvang: L'Agulhas se Estelle Madeson, Reynier en Diane Möller. Hulle het elkeen 'n handgemaakte kierie as prys ontvang. Die wenner van die 'Wielspin' se hamper was Jan Storm en die lootjie-wenner, ook 'n hamper, was Laurie Keevy.

Die man agter dit alles was De Wet Gilliomee - sy G-BAY Biltong Deli het die volledige dag geborg: al die wenners se pryse, die 2 hampers en eetgoed. “Ons wil baie dankie sê aan De Wet vir vandag se mildelike bydraes en wil sommer nou al weet of dit nie 'n jaarlikse instelling kan word nie,” het Lani Swart, Klubpresident, onder groot applouse gesê.
(Die persoon in swart op die foto's is De Wet Gilliomee)
(Dankie aan die hulpfotograaf, Renette)

**Hardus Botha**


*1ste Bonnievale-span*


*Booby-prys: L'Ahulhas-span*


*2de Goodwood-span*


*3de Hermanus-span (1)*


*4de Hermanus-span (2)*


*Hermanus-span (3)*

Office National
Contact us to order your Personalised Rubber Stamps. We offer an on-site service
028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za